

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Lied 509

Op berge en in dale
en oral is my God;
waar ons ook telkemale
mag swerwe, daar is God!
Waar ons gedagtes swewe
of styg, ook daar is God;
omlaag en hoog verhewe,
ja, oral is my God!

Roem, Christen, heel my lewe
is veilig in my God;
waar alles my begewe,
of waar ek ly, is God;
waar troue vriendehande
nie red nie, daar is God;
selfs in die dood se bande
ja, oral is my God!

Woorddiens

Tema: Prys die Here! Wie en waarvoor?

Skriflesing: Psalm 146

"Lord, whatsoever this day may bring, Thy name be praised. Be gracious unto me and help me. Grant me strength to bear whatsoever Thou dost send, And let not fear overrule me. I trust Thy grace, and commit my life wholly into Thy Hands. Whether I live or whether I die, I am with Thee and Thou are with me ... Lord, I wait for Thy salvation, and for the coming of Thy Kingdom. Amen."

— Dietrich Bonhoeffer

Broodjies vir die pad

"I would maintain that thanks are the highest form of thought; and that gratitude is happiness doubled by wonder."

— G.K. Chesterton

"If the only prayer you say throughout your life is "Thank You," then that will be enough."

— Elie Wiesel

Brood vir die pad

' 'n Soldaat van vrede'

Christof Heyns

Johan Heyns, wat die NG Kerk in die 1980's gelei het om apartheid te veroordeel, sou vanjaar 90 geword het. Sy seun en kleinseun het oor die afgelope paar jaar op sy spore teruggestap. Christof Heyns vertel.

Meer as 20 jaar nadat my pa in 1994 in sy huis in Pretoria in 'n sluipmoordaanval gesterf het, begin my seun om vrae oor sy oupa en oor die rol van sy voorouers en van homself in hierdie land te vra.

Ek het dieselfde vrae.

Oor die volgende paar jaar sou ek en Adam, 'n filmmaker, deur die land reis om 'n dokumentêre rolprent oor my pa te maak.

Ons besoek die plaas Bloemkraal in die Oos-Vrystaat, waar hy in 1928 gebore is, lees deur berge kerkargiewe en koerantberigte, en versamel beeldmateriaal van oor die hele wêreld. My ma, Renee, gee ons 'n boks met familiefilms in.

My pa se oudkollegas in die NG Kerk (NGK) vertel ons van 1951 se teologieklas aan die Universiteit van Pretoria.

Daar waar hy klasmaats was met mense soos Nico Smith, later 'n prominente stem teen apartheid, en Carel Boshoff, wat sterk aan die regterkant sou uitstaan.

Hulle vertel ons hoe hy later as dosent met 'n mengsel van intellek, oortuiging en sjarme 'n invloed op geslagte jong dominees uitgeoefen het in navolging van wat hy "kritiese solidariteit" genoem het.

Terselfdertyd het hy nie die steun van die kerk vir apartheid, wat sentraal in sy grootwordjare gestaan het, uitgedaag nie.

Dit sou eers later kom.

Die plaasseun se eie oorgang

Hendrik Verwoerd was 'n lid van die gemeente in Kaapstad toe my pa daar predikant was. John Vorster en hy het op Oubos skaak gespeel.

Hy het 'n ongemaklike verhouding met PW Botha gehad, hoewel PW se seun Pieter by ons in die pastorie in Rondebosch gebly het terwyl hy op skool was.

My tannie Ria het Adam vertel hoe ongelukkig sy oupa was op die plaas omdat sy speelmaat Toet smiddae onder die boom moes eet terwyl hy en die ander kinders in die huis geëet het.

Ons vind 'n televisie-onderhoud waarin hy vertel hoe hy as 'n doktrale student in Holland deelgeneem het aan die Nagmaal waar 'n swart man ook teenwoordig was en hoe dit iets in hom verander het.

Terwyl die "kritiese" deel van sy filosofie hom uiteindelik in botsing met die ouer garde in die kerk sou bring, was hy ook uitgesproke daarvoor dat die "solidariteit"-gedeelte beteken jou lot en jou taak bly ingebind met die groep waaruit jy kom – vir hom, die Afrikaners.

"Jy kan nêrens heen gaan as jy nie iewers vandaan kom nie."

Hy het 'n beroep gedoen op diegene wat ontevrede was oor die koers wat die regering en die kerk ingeslaan het, "om nie van

die trein af te spring nie, maar om van binne te werk en dit te stop”.

Die kerk-establishment het hom as té liberaal beskou en by die sinodesitting van 1982 is hy uit al die leierskapposities in die kerk gestem.

Ondertussen het hy voortgegaan om vir vinniger verandering te werk en brûe te bou.

Sy mantra was dat Suid-Afrika ’n “hartsverandering” oor ras moes ondergaan.

Met terugskouing is dit vir my duidelik dat hy eintlik oor en met homself gepraat het.

Die plaasseun wat besig was om sy eie interne oorgang te beleef.

In 1986, gedurende die noodtoestand, is hy, tot sy en talle ander se verbasing, as die moderator van die NGK verkies en hulle het apartheid formeel veroordeel.

Die apartheidstaat het die sterkste pilaar wat aan hom legitimititeit verskaf het, verloor.

Nie alles is opgeteken nie

In ’n gesprek met oudpres. FW de Klerk wil Adam by hom weet wat hy dink oor die benadering om op die trein te bly, teenoor die besluit van mense soos Smith wat na die linkerkant afgespring het.

Volgens De Klerk was dit waardevol dat sommige dit gedoen het, maar hy herinner ons dat mense soos Andries Treurnicht na die regterkant afgespring het.

Iemand moes aan boord bly en verantwoordelikheid neem.

Allan Boesak, ’n student van my pa aan die Universiteit van Wes-Kaapland, wat dikwels by my ouerhuis op Stellenbosch gekom het, sê vir ons hy het nooit my pa se trein-metafoor aanvaar nie.

Hy was sterk genoeg, aldus Boesak, om ’n nuwe pad in te slaan en die meerderheid saam met hom te neem.

In die boks video’s wat ons by my ma gekry het, is een waarin my pa in 1988 die hoofspreker op die Geloftedagvierings by die Voortrekkermonument was.

Met ministers en mense in Voortrekkerdrag in die gehoor sê hy die Afrikaners is nie die enigste uitverkore volk nie.

Adam sê hierdie toespraak moet die hart van die dokumentêr wees. Hy’s reg.

Baie van dit wat my pa gedoen het, is nie in geskiedenisboeke opgeteken nie, en ons hoor vir die eerste keer daarvan.

Die Britse ambassadeur in die oorgangstydperk, lord Robin Renwick, vertel ons dat my pa instrumenteel daarin was om PW Botha te oortuig om nie die Sharpeville Ses te laat teregstel nie.

Hy vertel ons ook van sy ingrepe wat daartoe bygedra het dat FW de Klerk wel in September 1989 ’n massa-optog wat deur Desmond Tutu en Boesak in Kaapstad gereël is toegelaat het, al was die veiligheidshoofde se advies dat dit ’n bloedbad gaan veroorsaak.

Die oorgang was aan die gang.

‘So nou het dit gebeur’

Die rigting wat die NGK ingeslaan het, het baie kerkmense tot misnoeë gestem.

My ma, nou 87, vertel van die dreigbriewe en naamlose oproepe wat hulle tot laat in die nag ontvang het. My pa het nie met ons daaroor gepraat nie.

My ma vertel my en Adam hoe die Kappiekommando ’n afspraak gemaak het om my pa in hul huis in Pretoria te kom sien.

Hulle het in ’n sirkel om hom gaan staan in sy studeerkamer en ’n plegtige vloek oor hom en sy huis uitgespreek.

My ma het uit die boonste venster gesien hoe hulle die huis in enkelgelid verlaat en uity, met my pa wat in die oprit bly staan en hulle agterna kyk. Hierna het hy aangegaan met sy werk.

Op 5 November 1994, Guy -Fawkes-aand, het my pa en ma met my broer se kinders in hul leefvertrek gespeel.

My ma wou al lank gordyne daar hang om dit veiliger te maak.

Die huis was nie omhein nie. My pa se uitgangspunt was dat as iemand regtig wou, hulle hom “sou kry”.

My ma het ’n harde plofslag gehoor en ’n skerp flits gesien.

Toe sy na my pa kyk, het sy besef daar is “heeltemal niks” wat sy vir hom kon doen nie. ’n Enkele skoot uit ’n swaarkalibergeweer wat deur ’n venster gevuur is, het sy agterkop binnegedring.

Sy sê alles het op ’n vreemde manier bekend gevoel. “So nou het dit gebeur,” het sy vir haarself gesê.

Adam, wat toe vyf jaar oud was, en ek was saam met die res van die gesin in Europa toe dit gebeur het, en niemand kon ons in die hande kry nie.

Ons het die nuus in Duits oor die motorradio gehoor. By die lughawe op pad terug was die berig in The New York Times.

Nelson Mandela het ons gesin die oggend van die begrafnis kom besoek en my pa ’n “soldaat vir vrede” genoem.

Die Britse joernalis John Carlin, wat sy boek *Invictus* oor die Wêreldbeker-rugbytoernooi in 1995 op onderhoude met Mandela gegrond het, beskryf dit só aan ons: “Ek dink sover dit integriteit, eerlikheid en helderheid van visie betref, sou Mandela in Heyns ’n Afrikaner-spieëlbeeld van homself kon sien.”

Carlin vertel ons dat een van die redes waarom Mandela besluit het om die Springbok-embleem in 1994 te behou, was omdat hy oor Afrikaner-woede ná die sluipmoord bekommerd was.

Renwick is sigbaar ontroer wanneer hy ons vertel van sy deelname aan die oorgang in Suid-Afrika: “Ek kan nie aan enigiemand anders in Suid-Afrika dink wat ek destyds meer bewonder het nie.”

H.F. Verwoerdstraat in Pretoria is enkele jare gelede tot Johan Heynsstraat hernoem. Dit kruis wat nou Nico Smithstraat is. Adam en ek gaan soontoe om videomateriaal te kry. Terwyl die daglig verdof, vang ons die beeld vas van ’n trein wat die brug oor die straat oorsteek.

Christof en Adam werk tans aan ’n vollengte-dokumentêr wat volgende jaar op kykNET uitgesaai word.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/n-soldaat-van-vrede-20180831>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*